

LESBEPLANNING  
LEERPROGRAM: GELETTEDEHEID (HUISTAAL)

GRAAD: 3

TEMA EN INHOUD: BESOEDLING EN INDRINGERPLANTE  
TYDSDUUR: 3 WEKE

LU en Ass Standaarde	Leeraktiwiteite	Hulpmiddels
<p>LU 1: LUISTER</p> <ol style="list-style-type: none"> <li>1. Luister aandagtig en reageer op 'n uitgebreide stel instruksies gepas vir leerders se vlak</li> <li>2. Toon gepaste luistergedrag deur respek vir die spreker te toon, beurte te neem om te praat, vrae te stel om duidelikheid te verkry en dit wat gehoor is, op te som of kommentaar daarop te lewer</li> <li>3. Herken en toon respek vir verskillende taalvarieteite.</li> <li>4. Luister met genot na stories, gedigte, liedjies en ander mondelinge tekste en toon begrip: <ol style="list-style-type: none"> <li>4.1 Luister vir die onderwerp of hoofidee.</li> <li>4.2 Luister vir besonderhede</li> <li>4.4 vertel 'n reeks gebeure of idees</li> <li>4.5 beantwoord vrae</li> <li>4.8 teken prente om begrip van 'n mondelinge teks te illustreer en skryf dit in eie woorde</li> </ol> </li> </ol>	<p>Hou die tema in gedagte en laat leerders min of meer 6 opdragte uit voer.</p> <p>'n Gepaste storie word gelees. Leerders gee die besonder- hede beurtelings, luister na mekaar. Hulle maak opsommings van wat gehoor is.</p> <p>Vrae word gevra sodat leerders in die korrekte volgorde kan antwoord. Die verloop van gebeure word beklemtoon.</p> <p>Laat leerders 'n prent/e kies en 6-8 sinne skryf wat by die prent pas. Logiese sinne word aanvaar.</p> <p>Leerders luister en reageer op grappe</p> <p>Leerders luister na CD's en kasette en reageer op vrae (rympies, kort stories/staaltjies). Indien CD's of kasette nie beskikbaar is nie, is leerkrag veronderstel om self rympties en/of stories op te maak.</p>	<p>Storieboeke</p> <p>Bundel met gedigte</p> <p>Werkboeke</p> <p>Werkvelle</p> <p>Potlode</p> <p>Liniale</p> <p>Leesboeke</p> <p>Tydskrifte</p>

<p>5. Luister na, en geniet en reageer gepas op raaisels en grappies</p> <p>6. Luister na 'n spreker wat leerders nie kan sien nie (soos oor die radio, telefoon, ) en reageer op vrae en instruksies</p> <p>LU 2: PRAAT</p> <p>3. Skep en vertel eenvoudige stories met 'n begin, middle en 'n einde deur beskrywende taal te gebruik, herhaling te vermy en elemente van intrige en karakterisering te gebruik.</p> <p>4. Gebruik verskillende gesigsuitdrukkings en gebare wanneer leerder 'n storie vertel</p> <p>6. Voer onderhoude met mense vir 'n spesifieke doel.</p> <p>7. Doen mondelinge aanbiedings (soos oor 'n gegewe onderwerp en onderhoude gevoer, terugveering oor bv. 'n veld uitstappie)</p> <p>7.1 ontwikkel klasriglyne vir 'n goeie aanbieding met steun en hulp van onderwyser</p> <p>7.2 beskryf wat hy/sy gaan aanbied en hoe</p> <p>7.3 gebruik visuele hulpmiddels om mondelinge aanbiedings aan te vul</p> <p>7.4 gebruik strategiee om luisteraars te boei (maak oogkontak)</p> <p>7.5 wissel volume en stemtoon</p> <p>LU 3 : LEES EN KYK</p>	<p>Skep eie stories/gediggies en dramatiseer (oor 'n paar dae word dit gedoen). Stories moet 'n begin middel en einde hê.</p> <p>Leerders deel hul eie stories met mekaar. (Hulle moet die vrymoedigheid het om te praat)</p> <p>Gee leerders agtergrond inligting bv. Suid-Afrika is 'n land met beperkte bronne vir water en omdat dit so 'n duur proses is om water te suiwer, moet ons versigtig wees hoe ons dit gebruik. Waterbesoedeling in dig bewoonde areas kan veroorsaak word deur baie dinge. Gesels oor die oorsake bv. Sosiale probleme(onkunde om toilette korrek te gebruik), fisiese probleme ( geen vullisdromme, stukkende rioolpype ), probleme wat veroorsaak word deur plaaslike owerhede (tekort aan geld om vullis te verwyder, tekort aan werkers ens ).</p> <p>Onderwyser verskaf riglyne van hoe onderhoude gevoer moet word – praktiese voorbeeld. Leerders word nou gevra om bv. 'n onderhoud te voer met die persoon van die plaaslike owerheid (munisipaliteit) wat verantwoordelik is vir die verwydering van vullis OF hoe om besoedeling in die dorp /stad te bekamp. Leerders gee terugvoering en onderwyser verleen hulp.</p> <p>Neem leerders op 'n uitstappie in die omgewing. Verdeel leerders in groepe en vra hulle om aan die plante te raak, te ruik en proe (as dit nie giftig is nie). Hulle moet die blare, kleur en smaak verduidelik. Laat hulle verduidelik hoekom die spesifieke plant in</p>	<p>Koerante</p> <p>CD's</p> <p>Kasette</p> <p>CD speller</p> <p>Kassetspeler</p> <p>Flitskaarte</p> <p>Skryfbord</p> <p>Bordkryt</p>
---	--	--

<p>2. Skep betekenis uit geskrewe teks:</p> <p>2.1 lewer kommentaar op 'n storie of gedig wat hy/sy gelees het en toon begrip deur die volgende vrae te beantwoord</p> <p>2.1.1 hoofidee</p> <p>2.1.2 kernbewonderhede soos hoofkarakters, volgorde van gebeure, ruimte/agtergrond, kultuurwaardes</p> <p>2.1.3 die verband tussen oorsaak en gevolg</p> <p>2.1.4 gevolgtrekkings (Wat leer ons uit die storie)</p> <p>2.1.5 Het leerders van die storie gehou? Waarom? Waarom nie?</p> <p>2.2 lees instruksies wat met hul ware belangstellings en behoeftes verband hou,</p> <p>2.3 lees 'n wye verskeidenheid redelik komplekse tekste soos fiksie- en nie-fiksie boeke, inhoudsopgawes en indekse</p> <p>3. Leestekste op hul eie en gebruik 'n verskeidenheid strategiee om betekenis te skep:</p> <p>3.1 Lees 'n geskrewe teks vlot en met begrip</p> <p>3.1.1 speak woorde akkuraat uit tydens luidlees,</p> <p>3.1.2 lees ekspressief met gepaste klem, pouse, intonasie tydens luidlees,</p> <p>3.1.3 gebruik woordherkennings- en begripsvaardighede om onbekende tekste te lees, soos klanke, kontekstuele leidrade, voorspelling</p> <p>3.1.4 gebruik 'n verskeidenheid metodes om lees outomaties te monitor en te verbeter, soos herlees, lees verder, pousering, oefen die woorde voor leerders dit hardop sê</p>	<p>die tuin is.</p> <p>Hulle skryf hul waarnemings neer en deel dit met die klas.(rapporteur)</p> <p>Laat hulle die naam van hul plant uitvind (biblioteek).</p> <p>Indringerplante</p> <p>Verduidelik:</p> <p>Impak van die plante</p> <ol style="list-style-type: none"> <li>1. Vermindering in beskikbare water</li> <li>2. Produktiewe grond raak verlore</li> <li>3. Vergiftiging van mense en diere</li> <li>4. Brande</li> <li>5. Erosie</li> </ol> <p>Gevare</p> <ol style="list-style-type: none"> <li>1. Gebruik baie water.</li> <li>2. Verorsaak brande.</li> <li>3. Sommige is giftig – bedreig ons gesondheid.</li> <li>4. Dra by tot siektes bv. Cholera.</li> <li>5. Verorsaak vloede.</li> </ol> <p>Maniere om van die plante ontslae te raak :</p> <ol style="list-style-type: none"> <li>1. Gebruik handskoene om die plante uit te trek.</li> <li>2. Saag bome af.</li> <li>3. Gebruik chemikalieë.</li> <li>4. Biologiese metodes d.w.s insekte wat plante opvreet.</li> </ol> <p>Gebruik stories en stel vrae om te bepaal of leerders begrip toon, bv.</p> <p>Wie is die hoofkarakters/</p>	
--	--	--

<p>4. Lê klank kennis vas:</p> <p>4.3 Herken wanneer dubbelkonsonante nodig is om 'n vokaalklank kort te hou, soos in blomme, katte ens.</p> <p>4.4 herken verdere diftonge soos: eeu, ooi, aai, oei,</p> <p>5. Lees vir inligting en genot:</p> <p>5.2 Lees en waardeer boeke deur skrywers uit verskillende kulture oor 'n verskeidenheid kontekste en verhoudings</p> <p>5.3 Lees verskillende soorte tekste, soos strokiesverhale, tydskrifte, koerante (DROP ALL AND READ)</p> <p>5.7 identifiseer en vind inligtingsbronne soos lede van die gemeenskap, biblioteekboeke</p> <p>5.8 begin om mondellinge geskrewe en visuele tekste vir sosio-kultutele waardes, houdings en houdings en veronderstellings te ontleed (soos in 'n advertensie vir seepoeier , gesels oor op wie dit gerig is en die rolle wat deur mans en vroue gespeel word.</p> <p>LU 4: SKRYF</p> <p>AS2 Skryf konsepweergawe van skryfstuk vir verskillende doeleindes.</p> <p>2.1 Kies ' teksformaat gepas vir doel en teikengroep</p> <p>2.2 Skryf 'n reeks kort teksste vir verskillende doeleindes (soos stories bestaande uit een of twee</p>	<p>Wat leer ons uit die storie?</p> <p>Hou jy van die storie?</p> <p>Waarom/Waarom nie?</p> <p>Gee alle moontlike leerders 'n kans om te sê wat hulle van die storie dink.</p> <p>Onderwyser stel tekste, en/of storieboeke (fiksie- en/of nie/fiksie) beskikbaar, gebaseer op tema, sodat leerders blootgestel word aan gepaste leesstof. Leerders word aangemoedig om koerante en tydskrifte te bring en met maats te lees.</p> <p>Leesstukke gebaseer op tema word gebruik: Onderwyser onderrig en ondersteun leerders nou om:</p> <p>Vlot te lees,</p> <p>Om te verstaan wat hulle lees</p> <p>Om woorde reg uit te spreek en hoorbaar te lees</p> <p>Om leestekens in ag te neem</p> <p>Om voorspellings te kan maak (Hierdie aktiwiteit strek oor die tydperk wat tema behandel word)</p> <p>25 Woorde word getoets om klankkennis vas te lê. Herken dubbelkonsonante (uit tema)</p> <p>Leerders het persoonlike woordeboeke: Skryf nuwe woorde daarin, asook die opskrif. (d.w.s. bv alle woorde wat onder "Besoedeling of Plante" sal sorteer.)</p>	
---	---	--

<p>paragrafe, eenvoudige boekresensies, resepte, briewe, dialoe, aanwysings)</p> <p>2.3 Skryf, waar gepas, 'n titel wat die inhoud weerspieel.</p> <p>AS3 Hersien Skryfstukke:</p> <p>3.1 bespreek eie en ander se skryfstukke om terugvoering te gee en te ontvang</p> <p>3.2 redigeer eie skryfwerk (soos skrap of voeg woorde by om betekenis duideliker te stel, herrangskik sinne, gaan woordorde na.</p> <p>3.3 hersien eie skryfwerk nadat terugvoering ontvang is</p> <p>AS4 "Publiseer " skryfstukke (maak dit "publiek")</p> <p>4.1 deel werk met ander deur dit hardop te lees en of in die klas uit te stal</p> <p>4. Hersien skryfstukke</p> <p>4.2 probeer om eie skryfwerk te redigeer (soos verwyder of voeg woorde by om betekenis duideliker te stel en gaan spelling en puntuasie na)</p> <p>4.3 maak eie boeke of klasbloemlesings</p> <p>AS6 Gebruik gepaste grammatikastrukture en skryfkonvensies :</p> <p>6.2 gebruik puntuasie gepas (hoofletters, punte, kommas, vraagtekens, uitroepetekens)</p> <p>AS7 Skryf leesbaar:</p> <p>7.1 skryf maklik en met toenemende spoed as gevolg van gereelde oefening</p>	<p>DROP ALL AND READ: Alle moontlike leesstof word beskikbaar gestel. (Nog meer gepas as leerders kan toegang hê tot leesstof rakende die tema)</p> <p>Onderwyser kan die plaaslike owerheid nooi om 'n praatjie te kom doen oor Besoedeling en hoe om dit te bekamp.</p> <p>Skryf sinne deur die volgende woorde te gebruik :</p> <ol style="list-style-type: none"> <li>1. Water</li> <li>2. Toilette</li> <li>3. Vullis</li> <li>4. Gesondheid</li> <li>5. Besoedel            ens.</li> </ol> <p>Ontleed 'n advertensie wat betrekking het op temas.</p> <p>Leerders is nou in staat om alle aangeleerde woordeskat te gebruik om gedagtes skriftelik uit te beeld.</p> <p>Hulle organiseer dus hul gedagtes om gepaste paragrawe te skryf ( 3 paragrawe) bv.:</p> <p>Skryf briewe om hospitaal te bedank..</p> <p>Of om te sê 'n hoe dapper die brandweermanne was</p> <p>Of om te sê hoe groot het ek geskrik toe.....</p> <p>Bespreek skryfwerk met ander leerders, hersien skryfwerk en verbeter eie skryfwerk</p>	
--	--	--

<p>LU5 DINK EN REDENEER</p> <p>AS1 Gebruik taal om konsepte te ontwikkel</p> <p>1.1 verstaan en gebruik konseptuele taal uit verskillende leerareas nodig op hierdie vlak en ter voorbereiding van die volgende vlak.</p> <p>AS2 Gebruik taal om te dink en te redeneer:</p> <p>2.1 verstaan en gebruik taal vir logika en redenasie, soos oorsaak en gevolg, die maak van gevolgtrekkings.</p> <p>AS3 Gebruik taal om te ondersoek:</p> <p>3.2 doen eenvoudige navorsing: stel vrae wat die taak help definieer en nodige inligting help v erkry(Wat moet on sweet / doen/ kry...? Waar kan ons die inligting kry)</p> <p>3.4 gebruik eenvoudige strategieë om inligting te verkry:</p> <p>3.4.1 stel gepaste vrae</p> <p>3.4.2 voer onderhoude en maak opnames</p> <p>3.4.3 soek inligting in 'n biblioteek</p> <p>3.6 som inligting op en bied dit op 'n gepaste en interessante manier aan</p> <p>AS4 Verwerk inligting:</p> <p>4.1 organiseer en inligting op verskillende maniere op:</p> <p>4.2 orden inligting en plaas dit onder hofies</p> <p>LU 6 TAALGEBRUIK EN STRUKTUUR</p> <p>AS3 Werk met sinne</p> <p>3.6 verstaan en gebruik selfstandige naamwoorde,adjektiewe, voornaamwoorde,(besitlike en</p>	<p>.</p> <p>Maak “boekies” en stal dit uit in die leeshoekie. Lees mekaar se eindproduk.</p> <p>Afkappingsteken en uitroeptekens</p> <p>Lopende skrif en letters word aangeleer</p> <p>Voorsetsels</p> <p>Uitroeptekens</p>	
---	---	--

persoonlik), werkwoorde, bywoorde en voorsetsels		
BESONDERHEDE VAN ASSESSERING		
LEERPROBLEME		
OORSIG		

FAT 1 LU 2 AS 2 AS 4	Skep eie stories. Gee 'n onderwerp . ( Rubriek ) Mondeling oor bv. 'n Brand. (Rubriek)
FAT 2 LU 3 AS 2 AS 4 AS 5 LU 4 AS 2 AS 3 AS 6	Beantwoord vrae oor storie (Mondelings) Rubriek Dubbelkonsonante (Kontrolelyns) Voer 'n onderhoud met 'n persoon uit die gemeenskap. (Rubriek) Toets 80 woorde ( Kontrolelyns) Skryf 'n brief (Rubriek) Hersien eie werk Akappingsteken en <u>Uitroepstekens</u>

<p>FAT 3  LU 1  AS 4  LU 2  AS 2</p>	<p>Gee besonderhede oor storie en beantwoord vrae (6 – 8 vrae)  Tekens 'n prent. Skryf 6 – 8 sinne (Kontrolelys)  Fantasie storie (Kontrolelys)</p>
<p>FAT 4  LU 3  AS 2  AS3  AS5  LU 4  AS 2  AS 3  LU 5  AS 3  LU 6  AS 2  AS4  AS6</p>	<p>Lewer kommentaar oor storie. Beantwoord vrae  Lees paragraaf. Voorspel einde  Ontleed 'n advertensie.  Bespreek skryfwerk (Rubriek)  Voer onderhoud. (Gee riglyne) Rubriek  Speltoets</p>